GERT EN MARTHA

Gert:
+27028798883;
gajroberts@gmail.com

Martha:
+27845156606;
marcecroberts@gmail.com

'n Groot dankie ...

- Aan elkeen wat op 'n verskeidenheid van maniere in ons lewe en bediening bele het.
- Aan elkeen wat in hierdie jaar saam met ons geleef, gereis, gebid, gehuil, gewonder, gepraat en "geloof" het. dit was 'n besondere reis saam met julle.
- Aan ons kinders Elizna, Darryn, Marli en Christian vir julle meelewing en ondersteuning.
- Aan ons Hemelse Vader wat ons die voorreg en genade geskenk het om verryk te kon word deur mense en omstandighede.

Nuusbrief

"Ons bediening wil, saam met ander, gelowiges in beweging bring om die totale verlossing van Jesus Christus sigbaar te maak in die hele wêreld in nood."

Nuusbrief 2 van 2014 **Desember 2014**

2014—Uiterstes, uitgagings en geleenthede

2014 was een van daardie jare wat 'n mens nie altyd weet hoe om dit te beskryf nie anders as 'n jaar van uiterstes, uitdagings en geleenthede.

Dit was 'n jaar waar 'n klomp dinge bymekaar gekom en begin vorm aanneem het in die volgende seisoen waarvoor die Here ons voorberei het. Wat is die nuwe seisoen?

- Ons passie is nog steeds om te sien hoe God se koninkryk in die lewe en omstandighede van mense en gemeenskappe realiseer. In ons diepste wese bly ons nog mobiliseerders.
- Die ontwikkeling, begeleiding en ondersteuning van jonger leiers om hulle posisie in te neem staan sentraal hierin.
- Behalwe ons plaaslike betrokkenheid, gaan ons ons passie en roeping uitleef in die 2 inisiatiewe waarby ons betrokke is nl. Call42 en Opporeer (sien meer besonderhede verder aan)
- Dit is ook die einde van 'n 13 jare lange voltydse verbintenis met Kingfisher. Ons bly steeds in kontak met Kingfisher en vervul nog die mentorsrol in Sri Lanka.

CALL 42
revealing vocational truth

Persoonlik

Die laaste drie maande was nogal 'n radikale verandering in ons huis en familie. Martha se ma het baie verswak in die tyd en is met multi-vaskulêre dimensie gediagnoseer.

Sy was vir die grootste gedeelte van Oktober en deel van November in die hospitaal. Tydens die tyd het Martha byna heeltyd in Somerset Wes gebly.

Haar ma kan nou na die gebeure glad nie meer alleen bly nie. Na beraadslaging het ons as kinders besluit dat haar ma vir 'n interim tydperk by ons kom bly totdat daar verdere planne gemaak kan word.

Dit het gebring dat sy sedert helfte November by ons bly. Die gevolg was dat Marli getrek het na Ouma se woonstel in Somerset-Wes.

Ons is besig om aan te pas by die nuwe roetine en verantwoordelikheid in ons huis. Daar is 'n helper van Elsorg wat so vier oggende in die week inkom om te help met die versorging.

Alhoewel dit sekere uitdagings bring sien ons dit nie as 'n las nie maar as 'n voorreg om haar ma te kan versorg.

Bo: Leiers uit Taxi Assosiasie
Onder: Patrick Kuwana in aksie

Call42 - 'n Werkplek inisiatief en samewerkingsplatform.

Die doel van die **Call 42 platform** is om gelowiges in die werkplek te bedien. Call42 verbind plaaslike gelowges in die werkplek aan netwerke wat keuses, geleenthede, toerusting en bronne bied om hulle te ondersteun in die uitleef van hulle roeping.

Die **Call42 Trainer netwerk** bestaan uit verskeie individue, bedieninge en organisasies. Deur hierdie gesamentlike inisiatief spreek hulle 'n wye verskeidenheid behoeftes aan van werkende individue, entrepreneurs, leiers en besighede na wie ons graag wil verwys as "Game Changers".

Game Changers is daagliks in die voorste linies van die realisering van God se koninkryk in die werkplek. Call42 verbind Game Changers aan netwerke wat initiatiewe, geleenthede, toerusting en begeleiding bied vir hulle roeping in die werkplek.

Waarvoor is ons dankbaar in 2014?

- Heelwat praktiese lesse wat ons kon leer rondom mobilisering in die besigheids en ekonomiese sektore.
- Die trainer-netwerk wat verhoudinge gebou het en klein treetjies saam begin gee en begin platforms deel het.
- Uitreik na die sakelui van Rustenburg en die proses wat daar begin is.
- Wayne Wilkinson wat sedert Oktober 'n deel van sy tyd beskikbaar gemaak het om as Projekbestuurder te help.
- Die beplanning van 'n Nasionale inisiatief wat ons in 2015 wil begin uitrol.

Opportunities + career = Opporeer

Die afgelope twee jaar het ek saam met 'n entrepeneurs vriend en nou ook vennoot Francois Bester, gewerk aan 'n holistiese raamwerk om die probleem van werkloosheid en ekonomiese bemagtiging in suid Afrika op 'n volhoubare manier aan te spreek.

Dit het uitgeloop op die registrasie van 'n Nie-winsgewende Maatskappy genaamd *Opporeer* (Opportunities + career) asook 'n winsgewende Maatskappy genaamd *Biopsys* wat een-stop ondersteuningsdienste ("Back-office") verskaf aan Mikro en klein besighede.

Die twee maatskappye funksioneer as 'n "Social Enterprise" waar die een ter wille van die ander bestaan.

In Augustus het Martha en Wayne Wilkinson deel geraak van Opporeer om die droom te realiseer. Na baie gesprekke met verskeie rolspelers en inisiatiewe in die veld is ons nou op die punt om projekte te begin uitrol in Brackenfell asook een in Khayelitsha in samewerking met verskeie organisasies en bedieninge. Ek sal in die nuwe jaar meer hieroor laat weet.

Waarvoor is ons dankbaar in 2014?

- Die voorreg om 'n droom wat 2 jaar terug gevorm het te begin realiseer.
- Kontakte en verhoudinge met ander organisasies, persone en regeringsinstansies waaruit ons kon leer en insigte kon kry.
- Martha en Wayne wat ons voete op die grond kon versterk.
- 'n Opleidingsentrum in Brackenfell wat ons kosteloos kan gebruik as kantoor en opleidingsfasiliteit.
- Ek is ook as fasiliteerder opgelei vir die Transformational Leadership kursus en het reeds twee sessies saam met Patrick Kuwana van Crossover Transformation vir die Northern Taxi Association in Kaapstad aangebied.

Kingfisher—'n era beëindig maar tog ook voortleef…

Soos ons reeds gesê het is 2014 ook die einde van 'n 13 jare lange voltydse verbintenis met Kingfisher.

Ons bly steeds in kontak met Kingfisher en deel van die groter Kingfisher familie. Verder vervul ons nog die mentorsrol in Sri Lanka.

Waarvoor is ons dankbaar in 2014?

- Die opleiding van ongeveer 30 mobiliseerders vanuit al die 3 taalgroepe in Sri Lanka is voltooi. Vir die pad vorentoe is ons in die Here se hande oor hoe ons verder betrokke moet wees in Sri Lanka.
- Die voorreg om vir 13 jaar deur so vele leerervarings en ondervindings saam met ons vriende en kollegas by Kingfisher te kon gaan.
- Vir elkeen van ons vriende en ondersteuners wat deur die jare saamgebid en saamgewerk het om Kingfisher te help groei en vorentoe te neem.

"How great is your goodness, which you have stored up for those who fear you, which you bestow in the sight of men on those who take refuge in you?

(Ps 31:19)



Ons gebed is dat die vrede van Jesus Christus, wat alle verstand te bowe gaan, oor julle harte en gedagtes die wag sal hou in die Kerstyd en Nuwe jaar.